# OBADJA VANAF DIE PREEKSTOEL

J.J. McDuling[1]

Die uitdrukking "quanto brevis est, tanto difficilis" is baie waar, wanneer dit handel oor die eksegese en verkondiging van Obadja. Een rede vir die uitdrukking is natuurlik as gevolg van die gebrek aan grondige kennis aangaande die outeur. Coggings stel dit soos volg: "This little fragment is not accompanied by detailed information about the prophet after whom it is named, such as might provide the 'personel interest' so much sought afterin the 20th century" (1985:67). Danksy beproefde en wetenskaplike eksegetiese metodes van die resente tyd, is dit nodig dat Obadja sy stem duidelik vanaf die kansels van ons kerke kan laat hoor. Hiervoor is deeglike en omvattende studie nodig. Daarsonder sou die rykdom en die geheime van Obadja onverreken bly. Hierdie is 'n poging om saam met ander eksegete van Obadja die groot verskeidenheid "edelgesteentes" tot in die sonlig te bring en om dit saam met ander gelowiges te bewonder.

## 1. DIE EENHEID VAN DIE BOEK

Oor die eenheid van Obadja kan daar gedebatteer word. Daar is standpunte dat Obadja oorspronklik nie 'n eenheid gevorm het nie. Nogalski noem byvoorbeeld die standpunt van Wildeboer, wat meen dat vers 1-9 'n pre-eksiliese, profetiese toespraak is en dat vers 10-21 van 'n post-eksiliese uitbreiding op die eerste deel is. Verder verwys Nogalski dat Thompson en Haller vers 1-9 en 15-21 as 'n eenheid met vers 10-14 as 'n invoeging (1993:58). Daar is selfs standpunte wat meen dat Obadja uit vier, sewe en meer eenhede bestaan. Die motivering vir Obadja as 'n sinvolle eksegetiese eenheid is as volg:

1 Ds J.J. Mc Duling, Ned. Geref Kerk Vereeniging - Suid, Posbus 264, Vereniging 1930

Die drie openingsformules in vers 1 wat hieronder aangedui word lewer genoegsame bewys dat dit wat volg nuwe inligting is:

> Die gesig van Obadja
> So sê die Here
> Ons het 'n tyding gehoor ...

Die voorkoms van die selfstandige naamwoord, "Edom" gee 'n aanduiding dat Edom hier in die gedrang is. Daar word ook na Edom verwys in sinonieme vorme Teman en Esau in verse 1, 6, 8, 9, 18, 19 en 21. Dit beklemtoon die feit dat Edom 'n sleutelrol vervul.

Edom word regdeur in die tweede persoon enkelvoud aangespreek (vers 2-5, 7, 10-14 en 15b). Dit dui op die feit dat die kommunikasieproses met of oor Edom met 'n spesifieke doel geskied en toon dus aan dat hier 'n unieke tema behandel word. Dit is 'n verdere bewys dat vers 1-21 'n afgebakende eenheid vorm.

Israel word aangespreek in die tweede persoon meervoud. Dit dui hoofsaaklik daarop dat Israel as 'n hooffiguur in die gedeelte optree (vers 16 en 20).

Die herhaalde voorkoms van die woord "dag" dui aan dat vers 1-21 'n spesifieke gedagte-eenheid vorm (vers 8, 11-15).

Vers 21 bestaan uit 'n duidelike slotformule, veral omdat die drie hoofkarakters, naamlik Jahwe, Edom en Juda daarin vermeld word.

## 2. TEKSKRITIEK

Daar is heelwat tekskritiese probleme. Die feit dat Obadja 1-5 byna woordeliks ooreenstem met Jer. 49:14-16 en 19 lewer baie verskille op ten opsigte van werkwoordverbuigings, voorsetsels en weglatings. Daar bestaan die mening dat beide die genoemde gedeeltes oorspronklik een mondelingse teks was. Die hantering van die tekskritiese apparaat lei tot geen drastiese verskil in die boodskap van Obadja nie. Daar kan wel op gewys word dat die NAV wel in vers 7 gebruik maak van 'n voorgestelde tekskritiese wysiging. Die vokalisering van "lgmk" in die tekskritiese apparaat het tot gevolg dat die verband tussen Edom en Israel op 'n persoonlike vlak uitgedruk word. Dit vind goeie aansluiting by die strekking van Obadja.

# 3. OPBOU

In 'n studie oor die opbou van die boek Obadja toon Snyman aan dat daar verskeie standpunte is oor die verdeling van die boek. Hy maak melding van eksegete soos Coughneour wat Obadja in twee hoofperikope verdeel en geskei word deur 'n oordeelsuitspraak in verse 15-16. Die eerste perikoop neem vorm aan om vers 1-14 en handel oor die oordeel oor Edom asook die redes daarvoor. Die tweede perikoop bestaan uit verse 17-21 en handel oor die herstel van Juda (1989:60). Wolff onderskei ses perikope: (1) 1-14, 15b; (2) 15a, 16-17; (3) 18; (4) 19; (5) 20 en (6) 21 (1977:43). Wehrle meen Obadja bestaan uit sewe "compositional blocks" (1987:28). Snyman maak die volgende verdeling (1988:217):

| | | |
|---|---|---|
| Opskrif | vers 1 | Gesig en opdrag van Obadja |
| Perikoop A | vers 2-14 en 15b | Oordeel oor Edom |
| Perikoop B | Vers 15a en 16-18 | Juda, Edom en die nasies op die dag van die Here |
| Perikoop C | vers 19-21 | Uitkoms vir Juda |

Dit is 'n sinvolle verdeling wat die totale teks in ag neem. Geen semantiese verskynsels, temas of literêre strukture word buite rekening gelaat nie.

## 3.1 OPSKRIF

In die opskrif beteken Obadja "dienskneg van God". Uit die opskrif is dit duidelik dat dit wat volg 'n uitspraak van God is. Dit is duidelik dat dit wat volg, betekenis het vir Edom en al die nasies. In vers 1 word die heerskappy van God baie duidelik bevestig. Die heerskappy van God word uitgedruk in die sin dat God verskaf die "gesig" aan Obadja, God doen 'n uitspraak oor Edom en God beveel die nasies om op te tree teen Edom.

## 3.2 PERIKOOP A

Die oordeel oor Edom word in perikoop A (vers 2-14 en 15b) uitgespreek. Die oordeel word uitgedruk in die volgende en dit dien as motivering waarom perkoop A as eenheid hanteer word:

Die dreigemente wat God uitspreek in vers 2. Die partikel beklemtoon

die dreigement.

Verskeie herhalings soos byvoorbeeld "im" in vers 4, 5a en 5b en "jom" in vers 8, 11, 12 en 13 lewer genoegsame getuienis dat perikoop A 'n eenheid vorm.

Negatiewe bevele soos "tog moes jy nie" wat gereeld voorkom dui aan dat hier op 'n bepaalde wyse gehandel word.

Metafore word gebruik om die oordeel teenoor Edom meer verstaanbaar te maak (.vergelyk vers 5).

Vergelykings word gebruik om die houding van Edom te skets (vergelyk vers 4).

Uit bostaande gegewens is dit duidelik dat die gedeelte, tematies en stilisties, eenheid vorm.

Perkoop A kan natuurlik ook in twee afsonderlike perikope verdeel word, naamlik:

| | |
|---|---|
| 2-9 | Oordeel beskryf |
| 10-14 en 15b | Motivering vir die oordeel |

Daar is grond om met twee afsonderlike perikope te werk maar die twee dele is totaal afhanklik van mekaar veral in die lig van voorafgaande verduideliking.

## 3.3 PERIKOOP B

Wat perikoop B (vers 15a en 16-18) betref, word die volgende duidelik en dit dien as motivering waarom perikoop B as eenheid hanteer word.

Vers 15a begin met 'n nuwe tema, "Die dag van die Here" en dit dui 'n nuwe rigting in die gedagtegang van Obadja aan.

Vers 18 eindig met 'n slotformule "So het die Here gesê". Dit dui die slot van die gedagtegang aan.

Vers 16 neem die tema van "Die dag van die Here" (vers 15b) verder deur te verwys na die nasies wat uit die beker van God se toorn sal drink.

Vers 15a en vers 16 verwys albei na die oordeel van die nasies.

In vers 17 en 18 word die gevolge van die dag van die Here in Edom (Esau) en Juda (Jakob) teenoor mekaar gestel.

Snyman maak melding van 'n chiastiese struktuur wat die eenheid van die perikoop beklemtoon (1988:220).

a. Die nasies sal geoordeel word (vers 15a-16)
b. Juda sal gered word (vers 17)
b. Juda word aangewend om straf uit te oefen (vers 18a)
a. Edom sal vernietig word (vers 18b-18c)

### 3.4 PERIKOOP C

Sintaktiese spanning in perikoop C (vers 19-21) veroorsaak dat die perikoop op baie verskillende maniere verstaan kan word. Nogalski bied 'n voorbeeld van 'n sintaktiese spanning: Eksegete soos Wolff en Allen hanteer "Negev" as objek en nie as 'n subjek nie. Verder noem hy dat eksegete selfs die werkwoord "jrsh" as 'n korrupte vorm van die woord "Jerusalem" sien (1993:81). Ten spyte van heelwat knelpunte is daar genoegsame getuienis om dit te hanteer as 'n afsonderlike eenheid.
Vir die eerste keer in Obadja word eiename saamgegroepeer: Suidland, Efraim, Gilead, ens. (vers 19-20).
Die voorkoms van die werkwoordstam "jrsh" toon aan dat perikoop C onderskei kan word van ander perikope.
Die tema van heilstoesegging (vers 17 en 21) vind aansluiting by die vorige perikoop.
Die heilstoesegging word in 'n prosavorm uitgedruk (vers 17-18). Dit dui op 'n besonderse manier die tema van die perikoop aan.

In die slotformule (vers 21) word reeds genoemde temas van Obadja kortliks herhaal soos byvoorbeeld heil vir Sion (vers 16 en 17), herinbesitname van die landstreek (vers 19) en heerskappy van God (vers 1).

## 4. OBADJA STRUKTUEEL BESKOU

Vers 15 speel 'n sleutelrol in die opbou van die gedeelte. Die feit dat vers 15a per abuis of moontlik intensioneel met vers 15b in die redaksionele verloop van Obadja omgeruil is, dra by tot die groot rol wat vers 15 veral ten opsigte van literêre fokus, binding van temas en die teologiese swaartepunt van die

gedeelte. Dit kan skematies soos volg uitgedruk word:

| | |
|---|---|
| vers 1 | God voer heerskappy |
| vers 15a | Die dag van die Here |
| vers 15b | Die dag van Edom |
| vers 21 | God voer heerskappy |

Die struktuur wat hierbo aangebied word dui aan dat die temas 'n chiastiese struktuur vorm. Dit toon die belangrikheid van vers 15 aan. In vers 15a word daar spesifiek verwys na die dag van die Here en in vers 15b word verwys na alles wat Edom in die verlede verkeerd gedoen het. Die optrede van Edom word in vers 8, 11, 12, 13 en 14 beskryf in terme van 'n spesifieke "dag" waarin daar opgetree is. Die teologiese swaartepunt vind sy beslag in die feit dat die dag van die Here en die dag van Edom teenoormekaar gestel word. As gevolg van God se heerskappy (vers 1 en 21) sal Edom op die dag van die Here vernietig word en Juda gered word. Dit word met dreigemente en beloftes bevestig (vers 1, 4, 9, 10, 15b, 16-21).

## 5. TRADISIEKRITIEK

Met die hantering van die tradisiekritiek het die volgende na vore getree. Die volgende tradisies kom voor in Obadja:

Sionstradisie, vers 15a, 17 en 21;
Dag van die Here-tradisie, vers 15a (Von Rad 1965:119);
Oorblyfseltradisie, vers 14 en 18;
Die belofte van 'n eie land-tradisie, vers 19-20 (Wolff 1977:70).

## 6. REDAKSIEKRITIEK

Wat die redaksiekritiek betref is dit duidelik dat daar in Obadja sprake is van redaksionele bewerking. Die volgende kan kortliks aangedui word:

Daar is woordelikse ooreenstemming tussen vers 1-5 en Jer. 49: 14-16, 9.
Teologiese motiewe in Obadja 15-21 verskyn ook in Jes 24-27 (byvoorbeeld oordeel vir al die nasies: Jes 24 en 26:7ev), heiligheid

van Sion: Jes 27:13, Jaweh as koning van Sion: Terugkeer uit bannelingskap: Jes 27:13).
Obadja vorm deel van 'n vlaag van anti-Edom-literatuur.
Die vele veranderings en foute wat deur die tekskritiese apparaat aangetoon word.

## 7. TEOLOGIE VAN OBADJA

Coggins wys daarop dat God, veral in die tyd na die ballingskap, 'n besondere verhouding met die volk van Israel gehad het. Dit is veral sigbaar in die belofte van 'n eie land (1985:74). In die boek van Obadja is die belofte teenwoordig. Die unieke verhouding wat God met sy volk het word verder uitgebrei. Die verhouding is moontlik omdat God sy heerskappy uitoefen oor die volk Israel. Die heerskappy is nie egter beperk tot die Israeliete nie maar dit strek ook oor al die nasies (vers 1, 15 en 21). As die nasies oneties teenoor die volk van God optree dan word die unieke verhouding tussen God en sy volk direk benadeel.

Dit word deur Kaiser soos volg uitgedruk: "... to mock and rejoice over the inheritance of Yahweh, the house of Israel, was to mock and challenge Yahweh Himself, for He had attached Him selfto one people and one country for the purpose of saving all" (1978:187).

Die verhouding word ook op 'n unieke manier in stand gehou. Bepaalde standaarde word neergelê. Die standaarde in 'n negatiewe vorm in vers 10-14 en 15b uitgedruk. Soos Edom opgetree het is nie dit wat God verwag nie. Verder word die unieke verhouding van God en sy volk in stand gehou deur, soos wat Snyman dit noem, "die geloofsgemeenskap as instrument van oordeel" (1988:222). Indien die volk van God nie meer as instrument in die hand van God gebruik kan word nie, dan het hulle in hul standaard verswak en die verhouding tussen hulle en God is verbreek. Coggins noem die standaard "natural laws" (1985:75).

Die verhouding tussen God en sy volk stuur af op 'n bepaalde eindpunt: redding of vernietiging. Daarom word "die dag van die Here" so sentraal geplaas in die boek. Die grond vir redding of vernietiging is nie "nasionalisties" soos Mason dit noem nie (1991:107). Die grond hiervoor lê in God se heerskappy, is die een wat nasies oproep om oorlog te maak (vers 1), is die een wat "bevryders" stuur en aan wie die koninkryk behoort (vers 21). God se heerskappy het in die boek van Obadja verreikende gevolge vir die hede

en die toekoms. Dit is ook die taal van die Nuwe Testament.

## 8. Prediking

Snyman voer die volgende aan as inhoud van die boodskap van Obadja:

Die Here voer alleen die heerskappy
Tussenmenslike optrede word eties deur die Here beoordeel
Uitkoms in die toekoms word aan gelowiges belowe
Nuwe Testamentiese perspektief (1988:222).

Olivier stel die volgende voor: ... dat die boodskap van hierdie besondere boek met sy oordeel oor 'n buurstaat van Israel aan die hand van die geskiedenis gepreek word. Alleen op hierdie wyse kan die boodskap vir ons tyd geaktualiseer word (1985:206).

Die volgende preekskets is moontlik:

*Skopus:* God se bestaan maak saak vir my lewe.

*Inleiding:* Die gedagte wat by baie mense bestaan dat God "mensvriendelik" en "onskadelik vir kinders" is en wat baie mense neutraal maak teenoor God en selfs lidmate verlei om lou en afvallig te raak kan gebruik word om die hoorders daarop te wys dat mense bevraagteken nie altyd die bestaan van God nie maar dat mense nie altyd daarop ingestel is hoe God bestaan nie. Eensydige wanopvattings dat God "doodgoed" is kan lidmate se geloofervaringe en geloofsgroei ernstig benadeel.

1. *God heers*: Obadja sê God is daar om te heers (vers 1 en 21). Sy bestaanswyse word uitgedruk in sy heerskappy. So bestaan die Here van die Nuwe Testament (Jh 18:37, Op 4:2-30). Die Apostoliese Geloofsbelydenis meld dit: (... sit aan die regterhand van God die Vader ...). Die doopformulier praat van die Koninkryk van God. Ons geloofswêreld is oorlaai met die waarheid maar besef ons dat God se heerskappy ons lewens raak.

2. *God heers oor my lewe*: Obadja sê wat ek doen is vir God belangrik. Die beginsel van wat jy saai sal jy maai is ter sprake (vers 15b). Veral optrede teenoor jou medemens is vir God van waarde (Mk 4:24). God verwag dat

die mens nie "heerskappy" oor sy medemens sal oorneem nie (vers 10-14).

3. *God heers oor my toekoms*: Die mens leef nie vir altyd nie. Die dae word minder. Die "dag" van Edom se verkeerde dade staan in die verlede tyd opgeteken (vers 10-14). Teenoor dié dae staan die dag van die Here (vers 15a). Die dag is van besondere belang. Die rede hiervoor is omdat God heers. Omdat die heerskappy aan God behoort is dit nie nodig om net die slegste te verwag nie. Daar is hoop. Daar is redding (vers 17, 21, Lk 19:10, e.a.).

4. *Slot*: Of mense God erken of nie, glo in sy bestaan of nie, en of mense God se heerskappy erken of nie, God het seggenskap oor jou lewe. Jy kan nou jouself oorgee aan die heerskappy van God.

# BIBLIOGRAFIE

BURGER CW e.a.
1985. *Riglyne vir die prediking oor die profete.* Woord teen die lig. ii(1). Kaapstad: NG Kerk Uitgewers.

COGGINGS RJ
1985. *Israel among the nations.* Eerdmans: Grand Rapids.

KAISER WC
1978. *Toward an Old Testament theology.* Zondervan: Grand Rapids.

MASON R
1991. *Nahum Obadiah.* Old Testament Guides. Sheffield Academic Press.

NOGALSKI J
1993. *Redactional Prosses in the book of the twelve.* Berlin: Walter de Bruyter.

SNYMAN SD
1988. *Obadja (on)preekbaar?* NGTT, Deel xxix. Nommer 3. Julie 1988.

SNYMAN SD
1989. *Cohesion in the Book of Obadiah.* ZAW 101(1).

VON RAD G
1965. *Old Testament Theology.* Volume ii. SCM Press Ltd.

WEHRLE J
1987. *Prophetie und Textanalyse.* Die Komposition Obadja 1-21 interpretiert auf der Basis textlinguistischer und semiotischer Konzeptionen. St. Ottilien: ... Verlag.

WOLFF HW
1977. *Obadja und Jona.* BKAT xiv(3). Neukirchener Verlag.